# STROOM~OP

**AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL**
**AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL**

**TWEEDE KWARTAAL 1989**



*Die appel val nie ver van die boom nie!*

# Erekleuredag verdien 'n ereplek

— MINDIE RISCHMÜLLER —

17 Maart 1989. Agthonderd Affies wag vol afwagting op die koms van die eregaste. Dan verskyn hulle in die saaldeur. Soos een man staan almal op. Statig bestyg hulle die trappe. Tussen eregaste is daar die bekende en geliefde gesigte van o.a. mejj. Holtzhausen en Steyn. Vir mej. Holtzhausen is dit 'n besondere dag aangesien dit sý was wat 25 jaar gelede hierdie prestige geleentheid begin het. Met eerbied en bewondering word hulle dopgehou. Die saal word gevul met die woorde van Ges. 141: "U liefde Heiland, is so groot, U dra ons straf oorwin die dood."

Mej Venter stel vir kol (ds) EL Rischmüller aan die woord en met die treffende boodskap uit Jesaja - "Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne" - word elkeen weer bewus van God se groot liefde en genade.

Nadat Mej Venter die verwelkoming gedoen het stel sy die geleentheid spreker, prof. Elize Botha, aan die woord. Vir die volle duur van haar toespraak het sy elkeen se aandag ten volle vasgevang. Soos nou al 'n tradisie, het die koor en strykorkes met pragtige sang en musiek bygedra tot die gewydheid van die funksie.

Die groot oomblik waarop menige Affie gewag het, het eindelik aangebreek. Die toekenning van erekleure. Na die toekenning van die erekleure vir kultuur en sport, bereik die dag 'n hoogtepunt met die toekenning van akademiese erekleure. die toekenning van die goue medaljes vir 1988 se matrieks word deur prof. Botha oorhandig. Dit is vir haar 'n baie spesiale oomblik aangesien haar dogter, Maria, ook een van die bekroondes is. Na al die opwinding doen mev. Van Schalkwyk die bedankings op haar eie kenmerkende manier. Die geleentheid is afgesluit met die skoollied.

Na so 'n goue dag kon 'n mens nie anders as om met trots 'n Affie te wees nie!



*Die volgende oud-leerlinge het toekennings ontvang: V.l.n.r.: Nandi Visser, René Robbertze, Kato Lambrechts, Marina du Plessis, Sanet Swart, Marra Botha, Ellen Nicol, Ilze Steenkamp, Lizelle van Juyssteen, Annelie Viljoen en Lia Chrissopoulos.*




**Ons legende, prof Anna Neethling-Pohl**

**Goue medaljes vir akademiese prestasie st.10 1988 (vereiste: 7 of 6 onderskeidings of akademiese erekleure van st.6- st.10-Rekordeksamen)**

1. Maria Botha
2. Ellen Nicol
3. Lia Chrissopoulos
4. Kato Lambrechts
5. Jacqueline J. van Rensburg
6. Lizelle van Huyssteen
7. Annelie Viljoen
8. René Robbetze





## 'n Dubbele dubbel rugbysege



*Samie (moeg), Jan-Lodewyk (bly) en Ribbens (poot-af) maar dis nou 37 wedstryde elk vir die Affies en die Galle!*

# Republiekdag by Affies



**Republiekdag! Comrades ... 'n Vakansiedag ... òf wat?**

Vir die onpatriotiese man op straat is Republiekdag, 'n dag van ontspanning, geen vroeg opstaan en werk toe gaan nie. 'n Rustige dag voor die televisie, waar hy kyk hoe langasems die op- en afdraendes van die Comrades, van Pietermaritzburg na Durban uitsweet.

Maar by Affies gaan dit nie só nie ... Die Affies wil nog graag feesvier en onthou van 31 Mei 1961 toe ons 'n Republiek geword het.

Om 12h00, Dinsdag, 30 Mei, het die seuns en meisies op die paviljoen van die Seunskool bymekaar gekom, te bly dat hulle 'n paar uur van sweet in die banke kan misloop. Hulle voorwaardes egter ... om Republiekdag te vier.

Die verrigtinge is geopen deur Skriflesing en gebed, behartig deur die hoofseun en -meisie van die twee skole en 'n vlaghysing. Daarna het Liezel Pieters die eregaste aan die woord gestel.

Eerste aan die beurt was prof Anna Neethling-Pohl, wat ook baie bekend is as 'n aktrise en radiopersoonlikheid. Sy het Afrikaanse gedigte voorgedra om sodoende die regte atmosfeer te skep vir Republiekdag. Haar spontane en borrelende persoonlikheid en die manier waarop sy haar voordrag gelewer het, het die Affies aan haar lippe laat hang.

Hierna is doktor Du Plessis, 'n politikus van formaat, aan die woord gestel. In sy toespraak het hy dit duidelik gemaak hoe dapper en vol moed ons voorouers, die Trekkers, Bartholomias Dias en Jan van Riebeeck, moes gewees het deur hulle in 'n hedendaagse situasie te plaas en die besluit aan die gewone man in die straat oor te laat. Die diepere boodskap wat doktor Du Plessis aan ons oorgedra het was dat, as dit nie was vir die moed en durf van ons voorouers nie, sou ons nie hier gewees het nie, en so sal dit ook vir ons nageslag wees.

Die hoofde van die twee skole het darem ook 'n woordjie ingekry.

Dit was baie opvallend dat, tydens die verrigtinge, daar 'n groot getal Galle in die "Mighty-Apies" verdwyn het om net 'n paar minute later weer te verskyn.

Die verrigtinge is so ongeveer eenuur afgesluit deur die twee skole se skoolliede en Die Stem, begelei deur die seunskool se blaasorkes.

Almal het gelukkig en vrolik huis toe gegaan. Of dit as gevolg van die verrigtinge, òf omdat almal 'n uur vroeër huis toe kon gaan was, weet 'n mens nie, maar hulle is weg.

— **Herman Stander**

# Hulldeblyk aan ons ouers

**OOR PA, MA, DIE GELDMAKERS EN HULLE DAE ...**

**"Vadersdag en Moedersdag — my kind dis net nog twee dae wat ingestel is om geld te maak."**

En ek lag heimlik in my mou, want ek wéét tog, dat hy die boeke wat ons vir hom verlede jaar op Vadersdag gekoop het, twéé keer deurgelees het.

Ag, en ons het al lánkál' opgehou om sjokolade te koop, want hy deel dit met niemand nie en eet al weke daaraan — asof dit nou geld is wat moet hou, jy wéét!! Buitendien sê Ma dit laat net sy bors tot in sy maag afsak.

Ja, my Pa is nou nie juis gepla oor Vadersdag nie ...

Ma is nogal 'n bietjie sensitief oor Moedersdag, alhoewel sy dit nooit sê nie ...

Toe ons laasjaar van Moedersdag vergeet het, het Ma stywe-siekte gehad (vir 'n volle twee weke!) en by die huis was dit nag — stikdonker nag!

Hierdie jaar het ons vir haar reukwater by die apteek gekoop, háár apteek en sy sal darem gelukkig wees tot die einde van die maand — wanneer sy die rekening kry.

Wel, dit was òf dit, òf daardie siekte! En wat vir 'n keuse is dit nou?

Eintlik pla iets my oor Vadersdag en Moedersdag. As jy mooi daaroor dink — van die driehonderd vyf en sestig en 'n kwart dag in die jaar is daar net twee wat ons amptelik aan ons Pa's en Ma's wy.

Jy sien dis nou hier wàar ek die sin vir besigheid in twyfel trek. Hoekom het julle nie elke dag van die jaar 'n Vadersdag of Moedersdag gemaak nie?

Dink net, honderd twee en tagtig en 'n vyf agtste dag per jaar in Moedersdag en 'n honderd twee en tagtig en 'n vyf agtste dag per jaar 'n Vadersdag — ek meen, nóú praat ons mos besigheid!

Maar aan die anderkant, Ma sal dan seker haar rekening by die apteek sluit, òf iets, en waar gaan ek met mý "salaris", geld kry vir al daai boeke!?

(Nee deug, ek hoop nie 'n sakeman lees hierdie artikel nie!)

Sjoe! Ek sal dit nou maar ... nie-amptelik maak: Honderd twee en ... nee! Driehonderd vyf en sestig en 'n kwart Vader-en-Moedersdag per jaar!

Want sê nou net, ons het hulle volgende jaar nie meer by ons nie...

NS: Ek dink die sakemanne is "great"!, hulle hou ook nie van die Arabiere nie.

## Ma's, Ma's en nogmaals Ma's

**Jy weet, 'n ma is 'n snaakse ding. Sy doen dinge (vir jou) wat ander mense nooit sal doen nie.**

Vat nou maar vir tannie Elma, Barend se ma. Hoe vroeg staan sy nie elke oggend op om Barend se broodjies en sy worsies en sy koekies en sy pasteitjies en sy vrugte en sy koffie, kortweg, Barend se proviand vir die dag, voor te berei nie?

(Wonder wat betaal die tannie aan kos, elke maand? Haai nee, wag, nou raak ek darem té persoonlik!)

En stel jou nou voor: jou ma hou skool by Boys High, sy kyk nie eers na Affies se eerste span nie, maar omdat jy in die negende span van Affies speel, is sy die vurigste ondersteuner van die Negende span — of wat sê ek alles, Garnette?

Miskien kan mens die Affies eerder verstaan as jy eers die tannie Petro's en die Magrietjies en die Veras en die Thea's, Jeanette's, Sylvia's, Erika's, Helen's, Marie's, Magda's, Bettie's, Anna's, Elsie's en die Affie-ma's verstaan.

Alhoewel ons so liéf is vir ons Ma's, weet ons en party voogonderwyseresse dat die ma's wat dan die skeurstrokies van die omsendbriewe so in die wasmasjiene gooi, òf... òf..., òf die legio ander stories, waardeur die Martjie's en Lana's en Veronica's en Chalet's (wat ander mense ons Ma's noem) belangrike rolle speel....

Maar op die ou end is almal tog lief vir hulle. Hulle motiveer ons rugbyspelers, hulle kontroleer ons akademiese prestasies, hulle werk vir die Appelkas — Jy weet, eintlik, is 'n ma soos 'n donkie: 'n wonderlike ding! Want vir háár is ek die wonderlikste ding... sy verstaan só alles:

my krom bene — pa se voorgeslagte se skuld,

my swak prestasies — die onderwysers se skuld,


my swak maniere — my swak vriende se skuld,

my duur klere — die mode se skuld:

my láátslapery — die baie huiswerk se skuld,

my rokery — die senuwees se skuld...

Ai, wat is 'n ma? 'n Wondersoete beskermer...



*Ma Elna Gildenhuys "alweer" besig met kos maak.*



*Mevv Magdie de Kock, Petru Rheeder, Jeanette van der Linde.*

# Ons sê dankie

Die gebod sê: Eer jou vader en jou moeder.

Baie van ons Affies besef nie wat ons ouers vir ons beteken nie, en baie van ons ouers weet nie hoe dankbaar ons Affies is nie.

Hiermee wil ons net dankie sê vir al die dankies wat ons ouers nooit hoor nie:


- Dankie vir u verdraagsaamheid
- Dankie vir u liefde
- Dankie vir u vertroue in ons
- Dankie dat Pa en/of Ma geld verdien om in ons lewensbehoeftes te voorsien.
- Dankie dat u ons na 'n skool soos Affies gestuur het.
- Dankie vir 'n familie.
- Dankie aan ons Hemelse Vader vir ons ouers.

**Efesiërs 6:1: "Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat God van jou vereis".**

# Matriek kultuuraand: kind tot volwassene





*Ons — die kinders van vandag.*






*Die bekwame moeders mevv Müller, Winter en Van Schalkwyk.*





*Ek wens ek was...*



*Anna-Lynne Marais.*



## Ons nooientjie kry 'n maat

**Op 14 April het mev Marike de Klerk en mevv Marais en Fissmer AHMP tydens saalopening besoek om Susanna Elisabeth 'n handgemaakte, outentieke Voortrekkerpop, aan hulle te oorhandig.**

Aangesien daar verlede jaar te veel omstredenheid rondom die Groot Trek-fees gewentel het, het meeste skole besluit om dit nie te vier nie. Tussen al die Diasen Hugenote-feesvieringe was daar in elk geval ook nie tyd nie!

Maar mev de Klerk, en 'n span flukse dames, het besluit om hierdie jaar iets van hierdie belangrike herdenking by Affiedogters tuis te bring. Susanna Elisabeth en haar porseleinvriendinne is 'n vergestalting van hierdie ideaal. Sy is 'n inspirasie vir elke Affie om die Voortrekkerdogter, van honderd-en-vyftig jaar gelede, se suiwerheid en opregte lewenswandel na te streef.

Saam met hulle brons Nooietjie, word hierdie nuwe Affie in hul midde verwelkom.

— **Marthali Brand**

## Kaalvoet oor die Drakensberg... (Of enige ander bergreeks)

Ons is reccies en ons is sterk ...

Dit is die nie-amptelike leuse van Affies se stapklub. Die amptelike leuse lui: Studeo et Custudio — leer en bewaar. Hierdie waarde pryk op die Voetslaanklubwapen besonder gelukkig om as gedra mag word.

In die verlede het so een of twee verdwaalde vroulike vlermuise saam gestap. Die meisies het egter besluit dat 1989 die jaar van die vroulike martelaar gaan wees, want hoe rowwer die staproete raak, hoe groter word die "skoner" ledetal.


Timbavati sal seker onthou word as die opwindendste uitstappie, hierdie termyn waarvolgens wagstaan 'n "moet" was. Op hul beurt het Helena en Deidré weer bewys dat "Kruger se neus" in die Wolkberg, nie ontembaar is nie.

"Enige meisie wat wil aansluit by die AHS Stapklub, moet 'n 100 mm by 80 mm kleurfoto, van haar en haar hond, met haar aansoekvorm by die klubbestuur inhandig — Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie!!

— **Werner Stockhoff**

# Netbal 'n fees by Sportweni

**Sou jy deur 'n meisie se dagboek blaai wat op Sportweni was, sal jy die volgende inskrywings in rooi en in hoofletters sien!**



**Vrydag 24 Maart:** Nege opgewonde netbal entoesiaste vertrek na Margate vir 'n week van afrigting en opwinding. Met nege ure se ry agter die blad, het Port Sheptone se Seunskoshuis soos 'n paradys gelyk, maar met die eerste oogopslag van ons kamers, en knipmesbeddens het ons geweet, dié week voorspel net een groot fees.

**Saterdag 25 Maart:** Na die oggend van harde verwelkomingswedstryde is ons gekies om teen die afrigters die vertoon wedstryd te speel. Hier het ons alreeds getoon dat ons nie ligweg opgeneem moet word nie, (veral Parkies het dit besef). Die middag het ons die dorp, eetplekke en strand op horings geneem en gougou het Margate tekens van 'n nywerheidsomwenteling getoon. Ongelukkig wou 'n haai ons ook persoonlik welkom heet, maar ons het behoorlik op die water na veiligheid geloop. Die aand al het ons die naglewe besoek en voorwaar 'n "ball" gehad .. of is dit nou gesien! Die aand is met 'n skouspelagtige vuurwerkvertoning afgesluit.

**Sondag 26 Maart:** Na 'n warm stampvol kerkdiens het ons weer gaan lywe natmaak.

**Maandag 27 Maart:** Die ure van sweet en harde oefening het aangebreek. Ons was effens uitgeput, maar dit is toegeskryf aan die humiditeitsverskil en aanloklike gewink van blou vingers van die see. Daar is nie net netbal gespeel nie, daarvoor het die borge beslis gesorg. Saans, gewapen met skeerroom en tandepasta, het die hele span en juffrou McClean(s) die kamers gepatroleer. Dit was 'n gróót koshuis en niemand het dit beter geweet as Mareli, Zelda, Stephanie, Retha en Luzanne nie. Aan die ontbyttafel het ons ons moeg gelag oor al die gebeure saans en daar was telkens iemand anders wat onder verdenking gestaan het.

**Donderdag 30 Maart:** Die finale! Daar was gekeer, gespring en gedoel vir 'n vale! Na die Sandveld Wesselsbron wedstryde het ons met bloukolle en bloedneuse Menlo Park aangedurf, en hulle kaf gedraf in die semi-finale. Die Affiespan was as die wenspan aangewys met speelsters soos Eloise, Riana, Stephanie, Zelda, René, Retha, Cindy en Mareli. Trots was ons beslis gewees, veral toe Riana, Stephanie en René as van die beste spelers aangewys was!

Die aand het ons borrelend om 'n strandvuur liedjies gesing ... en na gebeure van die verlede geluister. Ons was ook besonder gelukki om as die meisies met die natuurlikste voorkoms en mooiste bene uitgesonder te word deur die rugbyseuns wat ons getrou onderSteun het.

Hegte vriendskapsbande is ook gesmee veral met Henneman en Dundeé ... Na dese sal Harrismith ons ook nie vergeet nie veral as hulle deur skeerbesmeerde gesigte na die Affies kyk. Sonder juffrou Des McClean sou dié week ook maar net nog 'n week gewees.

Haar besondere jeudige gees en belangstelling het ons deurentyd aangespoor tot beter. Retha se man wat ons met raad gedien het herwaarts en derwaarts rondgery het en in haar goeie inspirende woorde, baie, baie dankie. Ons het Affies sien wen!!

— **Zelda Pretorius**

*** Wat is die toppunt van spoed?**
**- As jy vinnig omdraai en in jouself vasloop.**
**- As jy om 'n lamppaal ry en vir jou eie remligte stop**
**- As jou agterwiele jou voorwiele verby vat.**

**Die vere maak die voël**

Onderwyseresse verwag van skoliere:
Om die grasie van 'n swaan;
die vriendelikheid van 'n mossie;
die sterkte van 'n arend;
en die nagtelike ure van 'n uil te hê —
en party onderwyseresse verwag van so 'n voël
om op die kos van 'n kanarie te lewe.
— **Anoniem**

# Revue '89

**Bagasie vir elke stasie**

**Bondels en bondels bagasie**
**Maar — Wáárheen dan, Gehasi?**


**It might be Barcelona Spain**
**or even Can-Can Paris**
**en net, net dalk Bles se W(v)aal Transvaal.**


**Maar...**
**Die "trein" vertrek.**


**Jimmy Brown word opgelaai en**
**Die "Naughty lady van Shady Lane" amper afgelaai!**
**By Bokbekstasie verby**
**tot Romantic Stop die reis vertraag ...**
**want Timothy klim op en —**
**die Locomotion gebeur**
**Timothy klim weer af**
**maar toemaar — Don't worry, be happy!**

**Later, véél later laai ons op**
**oom Jannie met sy hoepelbeen en**
**speel ons wegkruipertjie agter Little Boxes.**

**MAAR — wat is 'n huis sonder 'n moeder —**
**en 'n tuin sonder skreeuende "babies":**
**Daar's Katrina Katryn én Henketie**
**Hein én Piet Pietertjie Pyn**
**én Susara Steyn, Waltertjie Wyn én Marina Maryn.**
**Oe!. Dis BAIE.**







# Wynand Olivier, Affies se eie volkspeler!

**Stil en beskeie gaan Wynand Olivier (16) voort om op ons land en volk se trotse tradisie van volksdanse voort te bou. Daar is egter so min mense wat nog daaraan deelneem dat 'n mens wonder of hierdie kleurryke tradisie kan voortbestaan.**

Wynand het begin om aan volkspele deel te neem van so vroeg as st. 3 af. Hy kom uit 'n huis wat deur die jare aan volksdanse deelgeneem het.

Met die jare se opleiding en volgehoue entoesiasme het Wynand dit reggekry om gekies te word vir die Transvaalse Volksdanse groep. Hierdie eer het hom verlede jaar sowel as dié jaar te beurt geval. Hierdie groep van 14 seuns en dogters is uitgenooi om 'n kursus in die Kaap by te woon. Die kursus staan bekend as die Pellisierweek. Hier ontvang die dansers nie net verdere opleiding nie, maar word ook in leierskap opgelei.

Wynand het reeds twee medaljes (in st. 5 en 8) ontvang. Hierdie medaljes het hy op 'n Junior- en Senior Volksdanse kompetisie ontvang. Hy ontvang binnekort sy derde medalje.

Later die jaar gaan daar moontlik 'n paar volksdansers gekeur word om 'n oorsese toer mee te maak. Ons hou duimvas dat hy hierdie span haal.

Wynand sê: "Ek is trots om te kan sê ek's 'n Affie wat volksdanse doen." Met hierdie entoesiasme is daar 'n toekoms vir Volksdanse in ons land.

Dié wat Wynand ken, weet hy dans nie net nie maar wéét dat hy 'n ware Affie is met 'n veelsydige deelname aan sport- en kulturele bedrywighede.

# ’n Jeugbal

Nee! Beslis nie ’n hokkie- of rugbybal nie. Dis ’n anderste bal dié. Dis ’n bal net vir Atties en Skatties — die jeugbal.

Hierdie puik instelling van die Junior-Stadsraad het vanjaar groot verteenwoordiging vanuit Affieland ontvang. Geëerd was die agbare raadslede beslis, òf hóé, Liezel? Al was dié spoggeleentheid geopen met die vasgehakte grammofoon-sinnetjie van: “The best man for the job is a woman,” het die Affies dit terdeë geniet. Dis ook vir ’n goeie saak gehou: Liefdadigheid ... en ook sommer net vir die gesonde betrekkinge tussen leerlinge van verskillende skole.

Dié geleentheid is bygewoon deur dogters en seuns van skole oor die hele Pretoria. Affies was ook in groot getalle teenwoordig. Die oorwinning oor Boys High vroeër die dag, is toe goed gevier. Sy edele, raadslid Christiaan van der Merwe het ook toe sommer só, lekker vóór man en muis, vir Affies gelukgewens! Die Affie-manne het gejuig en is uitdagend en minagtend aangegluur. Om alles te kroon, is die junior onderburgemeester van AHMP en Chris Steyn van Affies, boonop aangewys as die naaswenners in die besgekledepaartjie kompetisie. (Ek sê nóg dis ’n lieg, né Rachel!)

Die Affies het twee groot groepfoto’s van hulle laat neem by “Smackie”, Affies se eertydse worsbroodjiekoning en ACSV-beskermheer. Sy meesterwerke het baie aandag geniet, want vorige Affie-matriekafskeide se foto’s het as voorbeelde teen die mure gepryk.

Behalwe vir ’n klein rotter wat skeerroom, pleks van gewone room eet, was die kos besonder lekker. (Wonder wie was die spyseniers — vir ons matriekafskeid natuurlik.) Die tussengereg was net moeilik om te eet en dit het maar slurperig afgegaan. Toe die musiek begin, was lank, kort, maer en vet, op die dansbaan. Behalwe vir ’n paar zotte wat in kringe gedans het, het almal lekker ge-“twostep” en gewals. Dit het eers maar ’n bietjie broekskeur gegaan, maar later was dit lekker jolig en is daar gedans dat die sweet getap het — aitsa klere of te nie.

Nat-nat is almal voor twaalfuur huis toe. ’n Wonderlike aand en geleentheid is met ’n lekker koppie koffie afgesluit en veilig in pa en ma se huis is daar ’n hond-uit-’n-bos-uit geslaap.

**— Zoll**

*Briewe*
*Briewe*

## Vriendelike band besig om te spat!

As daar iets is wat die Affies grief, is dit ’n meisie wat feministiesverby is. Sulke meisies (?) veroorsaak dat dié samewerking wat daar tussen AHMP en AHS is, verder en verder afgebreek word.

Daar is niks mee fout om ’n feminis te wees nie, maar dan moet dit nie deur ’n sin soos: “the best man for the job is a woman” voor ’n klomp seuns oordryf word nie. Só ’n uitlating is genoeg om die hele band van vriendskap tussen die twee skole af te breek.

Kom ons probeer om “Ek sien haar wen ...” en “laat daar lig wees”, op ’n mooi manier bymekaar te bring en op ’n mooi manier, so te hou.

**— Anti-feminis**

## Waar is die boomspanne?

Geagte Meneer, die Redakteur,

Ons almal weet tog dat die rugbywedstryd teen Boys High die hoogtepunt van ons tradisie is, en dit is.

Nou wil ek weet, wat het van al die “Gunston”-en “Boom”-spanne geword? ’n Paar jaar gelede het amper die hele skool aan hierdie spesiale dag deelgeneem, en die gees was puik!

Moet my nie verkeerd verstaan nie, die gees was vanjaar nog beter, maar daar was nét agt oop spanne. Die Galle kon kwansuis nie meer spanne volmaak nie, maar hulle is dan meer as ons!

Is die tradisie nie juis dat almal deelneem nie, tot die laagste boom- en Gunstonspan? Miskien sal die Galle volgende jaar weer tien spanne hê, altans ek hoop so. Dit was immers elke jaar ook my voorreg om die Galle aan te vat, behalwe vanjaar.

Nogtans was dit ’n wonderlike dag. Vyfduisend mense by skolerugby moet iets met tradisie te doen hê ...

Affies, Boys High — moenie laat die tradisie oppervlakkig word nie!

**— Anoniem**

*Liewe Stroom-op*

*Ek het al my ou hartjie by baie mense probeer uithuil, maar wat is die nut? Niemand luister* ***mos na ’n ou standerd*** *sessie nie. Ek is mos maar net nog een van die menigte onnodig siele in Affieland.*

*As jy na ete na jou kamer toe gaan, hoor jy net: “Standerd ses, gaan roep vir Nellie”. Dan weer: “Servooeess, ag bring vir jou arme matriek ’n koppie koffie!”. “Lutzi”, “Jaa, Lady Di-di ek weet u tas is nog onder maar ek het hokkie gehad”, “Trol, soek vir my iets om te eet, ag ’seblief, hierdie plek teer my uit!” Ai, dit maak my moedeloos. Nes jy nog so lekker op jou bed lê voor jy moet gaan swot, want die hope akademiese verpligtinge roep, is dit weer van vooraf: “Trol, Knoffel, Spot, Kuifie!”.*

*Telkemale wil jy met jou matriek gaan praat oor een of ander probleem, maar dan ly sy aan swotkoors of sy is in die wolke want JC het* ***gebel, Hanno stuur groe****te en Ribbens is uit die eerste rugbyspan en DJ is weer in. Ons is mos net goed vir sekere dinge: dis koffie maak voor en tee maak agter!*

*Dierbare koshuismatrieks, dink asseblief aan die standerd sesse wat moeg van die skool af kom, geskok oor die teleurstellende punte en dan nog rondgestuur word deur mense net ’n paar jaar ouer as ons. Wees ’n bietjie genadiger en toon asseblief meer simpatie. Julle is nie al mense met probleme nie, ons s’n is partykeer nog groter!*


*Senuweewrak van Weshuis*

# Redaksie

**Redakteur** Louis Herman
**Sub-redakteur** — Anton Beukes

**Redaktrise** — Anneri Bezuidenhout
**Sub-redaktrise** — Marthali Brand

| | | |
|---|---|---|
| **Kultuur —** | James Cross<br>Gerald Garner<br>Jakobus Claasen<br>Anton van Reenen | Benda Hofmeyr<br>Kato Odendaal<br>Mindie Rischmüller<br>Frances Burger |
| **Sport —** | Chris Steyn<br>André Brand<br>Herman Stander | Zelda Pretorius<br>Rachel Kruger |
| **Algemeen —** | Ulrich Kotzenberg<br>Johan O’Kelly<br>Phillip Blom<br>Francios Naudé<br>Donald Klopper | Phillippa Barnard<br>Anna-Lynne Marais<br>Caren Visagie<br>Nicola Joubert<br>Lianna Loubser |
| **Foto’s —** | Louis Beukes<br>Henry Miles<br>Gustav van Rensburg | Susan Kruger<br>Liezel Pieters |
| **Humor —** | Louis Koen | Dorette Boshoff |




# MATRIEK-INSKRYWINGS

**Dan vrá hulle nog hoekom sy ’n “Heks van Eastwick” is? Natuurlik omdat haar besem besig is om uit te brand. Rede; sy jaag rond agter matrieks aan.**

Die afgelope paar weke, was ’n nagmerrie vir al wat ’n “vrot zot” is. As gevolg van “vir ander sake gebruik” (matriekeksameninskrywingsgeld), het die hare gewaai — òf eerder, is die matrieks deur verskillende towerspreuke vervloek. Klink “jou dooi mossiebreinselle” en “jou eenvoudige vrot zot” en “pleks jou ma jou kleintyd doodgelê het”, bekend, dan was jý beslis laat met jóú inskrywingsgeld en het jy dit beslis op ander plekke belê ...


Die arme Heks se klere, het selfs brandmerke soos wat sy haar vir ’n klomp “rotters” afsloof en sy sukkel voort om Afrikaans in “sekere” breinselle met ’n “onsekere” woordeskatkennis in te kry.

Al wat hulle, die sondebokke, kan sê, is: jammer juffrou en dankie juffrou. (Skynheilige torre ...)

**— Zoll en sy trawante**

# Oud-Affies van die Kwartaal!

**— Rachel Kruger en Mindie Rischmüller**



**— Mnr Jackie Kruger**

Mnr HSJ (Jackie) Kruger is op 21 April 1941 gebore. Sy verbintenis met die Afrikaanse Hoër Seunskool strek reeds vanaf die vroeë vyftigerjare. Hy matrikuleer in 1958 aan dié gesogte skool waar hy prefek was asook ’n ACSV- en Debatsbestuurslid.

In 1967 verwerf mnr Kruger die BA LLB-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy was ook die voorsitter van die Juridiese Vereniging.

Hierdie dinamiese man word in 1974 verkies as Provinsiale Raadslid vir die kiesafdeling Rissik en in 1981 word hy as ondervoorsitter van die Raad verkies — tot en met die ontbinding van dié Raad aan die einde van Junie 1986 behou hy die portefeulje.


Hy kies vir hom ’n nooi Kolver, uit Linden maar gou is sy ook ’n volbloed Affie. Mev Nita Kruger is ’n vriendelike en bekende gesig by Affies. Hul het ses kinders — Liesl en Alanne was op AHMP en Karin is tans daar in standerd nege, Stefan matrikuleer in 1988 aan die AHS, Kolver is tans in standerd agt en Jackie kom in 1993 Affies toe.

Mnr Jackie Kruger word in 1983 op die Bestuursraad van die Afrikaanse Hoër Seunskool verkies. In 1985 word hy as ondervoorsitter verkies en vanaf 1986 is hy die voorsitter van die Bestuursraad waar hy talle projekte van stapel gestuur het. Op die Raad bewys hy weer eens dat hy ’n man van sy woord is — óók ’n man van die daad. Hy laat geen steen onaangeraak om dinge op Affies te vergemaklik nie.

Mnr Kruger is die stigterslid en eerste voorsitter van die Oud-Affie Bond. Hy is ook trustee van die Afrikaanse Hoër Seunskool Trust en ex-officio Bestuursraadverteenwoordiger op die Alec Roberts Trust wat die Oos-Transvaalse plaasbestuur, wat aan die Afrikaanse Hoër Seunskool en Pretoria Boys High School, geskenk is.

Hy is ook lid van die Skoolraad van Pretoria-Sentraal en dien as verteenwoordiger van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pro-Arte en Akasia Laerskool.

**Om met prof. Liesbeth Botha te kon gesels was voorwaar ’n wonderlike ervaring. Ten spyte van al haar prestasies bly sy ’n nederige en spontane mens en was sy gretig om ons meer van haar jare op Affies te vertel.**



**Prof. Liesbeth Botha**

In 1975 word Liesbeth Botha ’n standerd sessie by AHMP. Sy erken dat sy aanvanklik ’n bietjie rebels was oor die gedagte van net meisies. Vandag is sy egter bly dat sy haar skoolloopbaan hier voltooi het. Liesbeth was ’n ware uitblinker — veral op akademiese gebied. Sy onthou veral haar Latynklasse by die entoesiastiese mev. Marie Schoeman. Wiskunde en Wetenskap was haar gunsteling vakke op skool. Alhoewel mans oor die algemeen beter presteer in dié vakke, meen sy dat dit nie is oor hulle slimmer gebore word nie, maar seuns word definitief meer gestimuleer in dié spesifieke rigtings. Een ding wat sy in Affies geleer het, was dat dit nie vir ’n vrou nodig is om terug te staan vir mans nie. Vrouens kan ook die beste wees. Liesbeth het op die Afrikaanse Debatsbestuur gedien, was deel van die Stroom-op Redaksie en was ’n prefek in standerd 10. Buite die skool het sy altviool geneem en muurbal gespeel. Sy het in 1979 met sewe onderskeidings gematrikuleer.

Dit is egter nie die einde van die storie nie. Liesbeth skryf by Tukkies in waar sy as die beste eerstejaarstudent in elektroniese ingenieurswese aangewys is. Afgesien van haar studies was sy ook baie lief vir die sosiale sy van die universiteitslewe. In 1983 behaal sy die graad B Ing (elektronies) met lof. Voor sy na Amerika vertrek het, het sy ook haar meestersgraad in 1985 met lof behaal.

In Augustus 1985 vertrek Liesbeth na die VSA vir haar doktorale studie. Sy het gedink alles sou maklik wees maar vertel dat dit vir haar ’n groot skok was toe sy in Amerika aangekom het. Skielik was haar ma, pa en vriende nie meer daar nie. Al die “ondersteuningstelsels” waaraan sy gewoond geraak het, was weg. Sy moes maar alleen regkom.

Daar was so baie dinge wat gedoen moes word, voordat sy regtig met haar studies kon begin. Maar Liesbeth het bo uitgekom.

Om aan een van die tien beste Universiteite vir ingenieurswese in die VSA te kon studeer, is voorwaar ’n uitsonderlike prestasie. Dit was harde werk, het Liesbeth aan ons vertel, maar tog het sy dit baie geniet. Sy het ook baie goeie vriende gemaak na wie sy nou soms verlang. Aanvanklik was sy bang dat sy nie “slim genoeg” sou wees om oorsee te kon studeer nie. Sy was verras om te vind dat Suid-Afrikaanse Universiteite glad nie in die skadu van die beste van Amerika se Universiteite staan nie. Liesbeth het haarself deeglik bewys deur die beste te vaar in die kwalifiserende eksamen vir nagraadse studie in die departement elektriese en rekenaaringenieurswese aan die Carnegie mellon — Universiteit van Pittsburg, Pennsilvanië. Sy doen haar doktorale navorsing oor optiese dataverwerking en op 14 Februarie doen sy haar “tesisverdediging” voor vier eksaminatore. Sy keer in Maart vanjaar terug na Suid-Afrika met ’n PhD agter haar naam.

Sy vertel dat haar ontvangs in Suid-Afrika wonderlik was en sy vind dat mense haar opofferings waardeer en respekteer. Op die oomblik is sy mede-professor in die departement van elektroniese en rekenaar-ingenieurswese by tukkies. Behalwe dat sy die enigste vrou is wat nog op die vlak in elektroniese ingenieurswese van Tukkies aangestel is, is sy een van die jongste dosente in jare wat as mede-professor aangestel is. Liesbeth geniet dit veral om met die studente te werk en daarby bied dit haar baie tyd vir navorsing.

Prof. Liesbeth Botha is voorwaar ’n uitsonderlike mens. Affies wens haar alles van die beste vir die toekoms. Mag ons haar steeds sien wen!


Kérels, rook is nie 'n sitkamerspel nie! 'n Rookkamer is dus buite die kwessie.
Maar Meneeeer!





# Pro Arté of Pro Affies?

**Sowat twee ure nadat ons vakansie verlede termyn begin het, was 'n paar van ons kunsleerlinge op pad om iets te vermag, wat alles verniet sou wee.s**

Mnr Roux en Louis Nel, Jasper Daniels, Willie Niewoudt, Koert de Villiers, Louis Koen, Jan van Graan, Deon Myburgh, Bertus Booysen, is aangesê, oftewel, gevra om hul kreatiwiteit op 'n modeagentskap se muur tot uitdrukking te laat kom. Hulle het die Vrydagmiddag na skool hul idees slegs met houtskool uitgelê.

Die volgende oggend was almal in 'n goeie luim om die "kleurvolle" dag aan te pak. Nadat die verf, wat heelwaarskynlik uit die 19e eeu dateer het, geinspekteer is, het die "kunstenaars" besluit om nuwes te gaan koop. Die Affies was in kompetisie met hul buurskool, Pro Arte wat heelwat konstanter as die Affies gewerk het, en wat spoedig klaar was. Die skool wat wen, sou R150 kry om onder die kinders te deel. Deur die dag is almal gewaarsku oor wat die Munisipaliteit se reaksie die volgende week sou wees!

Die uitslag aan die einde van die dag was baie teleurstellend en dit was gelykop. Elk van ons het darem 'n skrale R8 in die sak gesit.

Almal het die dag geniet, en as 'n ware ondervinding beskou wat nou lank in die geheue sal bly.

**Alles verniet.**



**Professionele kreatiwiteit of "cool" kreatiwiteit?**

# Êrens het ons tog iets geleer


**... toe trou Saul mos met Miranda en trek hulle "Bos" toe.**

Maar die trouplanne het begin by die vendusie toe Saul en Josef op die bed gebie het. Vir Saul was die bed 'n liksens om vir Miranda in die hande te kry. Na die huwelik raak Miranda "oorgewig" en kry sy toe vir Caliban.

Met Caliban se elfde verjaarsdag trap die grootvoete hom. (of dis wat hulle gedink het). Omdat hulle nie seker was nie, gee Saul vir die speurder Motsamai 'n olifanttand sodat hy moet ingaan op die saak. Motsamai was nie baie optimisties om te begin werk nie want hy het ons geglo dat dit in die bos spook — dit was natuurlik Prospero.

Toe Motsamai 'n week lank op Oupoort se spoor was, kom die swerms en wis sy spoor uit. Motsamai gaan klop aan vir raad by die Caledonner — maar hy was by Kate en dus laat hulle die saak daar tot daar weer lisensies uitgereik word. Hulle groet toe vir Bertien en gaan terug na die vader in die Bos.

**— PJ en Jakoos!!!!**



**Apies op die Balies?**

# Hoekom Christen-wees?

**Hoekom poog so baie Christene om ander te oortuig om Jesus as Saligmaker aan te neem, deur hulle met die hel bang te maak? Watse motivering is dit? Die Christene wat dink dit is die grootste rede om jou lewe aan Jesus te wy, is op 'n dwaalspoor. Dit is alles goed en wel, ja. 'n Mens wil nie braai nie, want dit sal mos nie lekker wees nie. Maar dit is 'n bewys van 'n mens se veldtog, wat definitief nie 'n Christenpersoonlikheidseienskap moet wees nie.**

Die troepies wat vir ons land op die grens veg en dan sterf, word vereer vir hulle grootste opoffering: dis waarskynlik die grootste getuienis van patriotisme wat 'n mens aan sy land kan bewys. Maar die troepie het tog nie blind teen die vyand ingegaan nie, en het alles in sy vermoë gedoen om sy lewe te behou. Maar Jesus het nie die dood probeer vermy nie: hy het doelbewus daarheen beweeg, en het homself nóóit probeer red of verdedig nie. Want deur te sterf, en dan die dood (hel) te oorwin, het Hy die pad vir ons oopgemaak om dit óók te doen. Jesus het onder geen verpligting gestaan om dit te doen nie, maar te midde van foltering en versoekinge het Hy as mens, met God se bystand, die dood oorwin. Alles uit pure liefde vir die mens. Na ons Hom só seergemaak en bespot het.

Om 'n Christen te wees is 'n uiters persoonlike saak. Niemand kan geforseer word om vir iemand anders lief te wees nie soveel te meer om soos baie dit stel: "Vir iets onsigbaars" lief te wees. Maar later weet 'n mens jy kan iets vertrou wat jou oë nie sien nie, want ons weet Jesus lewe! Net so kan ons nie alles glo wat ons oë sien nie. Satan is in 'n volle oorgawe om ons van Hom af weg te rokkel, maar as ons nie wil nie, sal Hy nie toelaat dat enigiemand ons uit Sy Almagtige hand ruk nie!

**Grootprater:** Ek het my lewe begin met niks anders as my verstand om op straat te maak nie.
**Verveelde luisteraar:** Wat 'n klein begin!

**Geharde Affie-roker:** Iemand wat kon skeer sonder om sy sigaret vol skeerroom te kry.

**Dom Affie 1:** Ek het vannag gedroom dat ek my huiswerk gedoen het.
**Dom Affie 2:** Ek kan sien jy lyk moeg.

# Vivit Lingua Latina!

**Vir die plebs onder ons, was die 26ste Mei, net soos al die ander, 'n doodvervelige dag. Die Latynkinders het dit heel anders beleef. Bewapen met togas het hulle 'n lang en uitputtende tog na Tukkies aangedurf om te gaan kyk hoe leef Latyn.**

Tukkies se amfiteater het ontwaak in 'n historiese gebeurtenis en oral het Latiniste rondgedwaal en oor allerlei intellektuele dinge gepraat. Middagete is genuttig op eg-Romeinse wyse (hamburger en skryfies) en daarna kon hulle aanlê om getrakteer te word met Carmina Latina.

Dié spesifieke nommertjie is deur ses muise van muisieshoër gelewer en hulle het hulself puik van hul taak gesing. Baie praatjies is deur professore gelewer oor hoe om lewe in Latyn te blaas en die nut van Latyn in 'n beroep. 'n Baie komiese toneelstuk (in Latyn) het kinders laat skater oor die pittighede wat daar kwytgeraak is. Soms het hulle ook geskater op die verkeerde plek. Kato Odendaal is verkies as Meisieshoër se verteenwoordiger van die Junior Latynvereniging.

Na alles verby was het hulle terug gegaan huis toe met 'n gesuste gewete. Latyn leef omdat Latiniste leef. Ons is mos maar die "elite".

**— Finis**

## *Sê wie?*

| | | |
|---|---|---|
| **1. Die Hoof** | : | **"Ons moet dit vir mekaar sê ..."** |
| **2. Dr Edwards** | : | **"Ek's bly jou pa het dit vir jou gelees. Kom ons vat 'n eenvoudige voorbeeld ... die res is geskiedenis ..."** |
| **3. Mev Stoffberg** | : | **"Hoekom skryf jy die huiswerk af, jy doen dit tog nooit."** |
| **4. Mej Botha** | : | **"Ag, Eleanore ..."** |
| **5. Mev Fires** | : | **"OK boys ...."** |
| **6. Mnr Potgieter** | : | **"Ek sal vir jou 'n sn..t-klap gee."** |
| **7. Negendes** | : | **"Aaaaaaah!"** |
| **8. Pule** | : | **"Weed"** |
| **9. Klamp** | : | **"Ek sal jou by die poorte sien."** |
| **10. Knoets** | : | **"Stoei hom. Hoek toe, hoek toe!"** |

# Europa, hier kom ons

**London, Parys, Avignon, Rome, Florence — die sneeuwit Alpe in Switzerland, Belgiese sjokolade, affodille en tulpe in Oostenryk. Bon Voyage! Europa, hier kom ons!**

Opgewonde, maar met 'n ietwat hol kol op die maag, vertrek drie Affies op 19 Maart na Luxembourg. Vir drie weke lank sou hulle die hele Europa deurreis en platloop in hul tuiste op wiele.

In hulle luukse hotel in Londen het hulle die asemrowende uitsig gehad van die "Tower bridge" met rooi busse en swart taxi's wat een vir een verby ry. Met 'n middag vry vir inkopies soek hulle na Oxfordstraat en kom toe na 'n halfuur agter dat hulle reeds in Oxfordstraat staan.

In Frankryk het hulle tog te lekker met die Franse Afrikaans "gepraat" en opgegaan met die Eifeltoring vir 'n panoramiese blik oor die stad. In die strate van Rome het hulle heerlik gesmul aan Italiaanse roomys en in Pisa die 250 trappies van die toring opgehardloop.

Die pret gaan voort in Oostenryk en Switzerland waar hulle hul sneeupakke aantrek en die sneeu invaar. Hulle het sneeumanne gebou, sneeugevegte gehou en dié wat te koud gekry het, kon warmsjokolade en "pommes frites" in die koffiekroeg bo-op die berg geniet.



Met 'n vaart op die Ryn en 'n heerlike buffetete, het hulle die toer met 'n bietjie heimwee in hul harte afgesluit, maar groot was die vreugde toe die vliegtuig op Jan Smuts land en die kaartjie by die ingang sê Welkom tuis!

**Jan-Lodewyk het gevra of (sy foto) asseblief op elke bladsy mag verskyn.**

**Verskoon tog! Die man is 'n ware Affie!**

# Akpol '89

**Het julle al ooit gehoor van vyf st.9-meisies wat deurnag hard geswoeg en gesweet het om die skryfter MER se werke onder die knie te kry?**

Wel, Affies het hierdie vyf deelnemers aan die jaarlikse Akpolvasvrawedstryd gehad. Vir dié van julle wat nog nie weet nie, Akpol is 'n vasvrakompetisie wat jaarliks vir 'n paar uitsoekskole deur die Suid-Afrikaanse Polisie aangebied word. Hierdie jaar is die skryfster MER se pragtige verhale en outobiografie behandel en op 29 April het Mindie Rishmüller, Rachel en Susan Kruger, Anna-Lynne Marais en Frances Burger vol kennis en optimisme by die Hoërskool Wonderboom opgedaag vir die stryd. Die aand is begin deur 'n halfuurlange vraestel wat deur die onderskeie spanne in verskillende lokale voltooi is. Daarna het almal na die saal beweeg waar die puntetelling sou geskied. Spannende oomblikke het nou vir die Affies, ondersteun deur mevv. Van Schalkwyk en Van der Merwe, aangebreek.

Gelukkig is die ys gebreek deur 'n pragtige konsert met verskeie items wat die puntetellings voorafgegaan het. Aan die einde van die aand is daar vir groot vermaaklikheid gesorg deur die lees van komieklike antwoorde wat in die vraestelle opgeduik het. Dit het op die ou end 'n reuse suksesaand blyk te wees en met baie meer ondervinding het die Affies huiswaarts gekeer. Volgende jaar is hulle weer daar om Affies se naam hoog te hou!

**— Frances Burger**





# AHM Engelse spanne oorheers redenaarsfees!

**'n Afrikaanse skool wen die Engelse spankompetisie ... klink dit ongewoon? Dit is ongewoon, maar hierdie jaar het AHM se st.6 en 7-spanne die Engelse spankompetisie van die SA spraakgilde gewen, en die st.8-span, die junior tweetalige trofee.**

Public Speaking Competitions are regarded as boring, but ask any of the girls who participated, and you'll get a totally different answer. Working out a speech based on the topic of a book by Lewis Carol or "The world around us..." can actually be a lot of fun.

Yet when you have only about 30 hours in which to work out a speech, prepare it, and present it, the best way out seems to get cold feet and cancel.


Tog het die ST8's nie geswig voor die versoeking nie. Onder hierdie omstandighede moes die span 'n 15 minute tweetalige span-toespraak uitwerk onder die opskrif: "With apoligies to Neil Amstrong, a giant leap for mankind ..." Na 'n dag van harde werk, opofferings van mev van Straaten en entoesiastiese hulpverlening van mej. Elize van Wyk, kry hulle 'n A+, wen die tweetalige spankompetisie, en word gekomplimenteer oor hul besondere tweetaligheid.

Afrikaanse Hoër Meisieskool was the only school with three winning teams, and it certainly looks as if our orators have a brigh future ahead of them.


**— Dorette Boshoff**




*Voor: Pule Beukes, mev Veldsman. (redenaars)*
*Agter: Zoll Herman, Jaco du Toit (afwesig: Adrian Dreyer).*



*Voor: Johan Nel, Mev. Pienaar, Nico Barnard.*
*Agter: Johan Swanepoel, Johan O'Kelly.*



*Voor: Phillip Blom, Mev Steyn.*
*Agter: Danie du Toit, Louis Botha (afwesig: Kobus Botes).*



*Johann Botha — beste spreker.*

## *Woorde van gelukwense aan:*

*Mev. Bosman wat weer eens haar staal gewys het deur die Comrades te hardloop.*

*Mevv. Rautenbach en du Plessis met hul nuwe babas. Ons hoop hulle bring u groot vreugde.*

*Mejj. Els en de Beer met hulle nuwe status — dié van verloofde dames!*

# Stel jou voor...

1. Barend Gildenhuys sonder sy "half loaves" en sy sakkie vrugte.
2. Jacobus Dreyer met 'n onderskeiding in Duits.
3. Jan-Lodewyk sonder 'n mikrofoon.
4. Arnold Vorster in die Stroom-op ...
5. 'n Matriekleerling sonder 4 LO-periodes per week (Vryheid, gelykheid en broederskap).
6. Die o/19 A-muurbalspan wat 'n wedstryd wen.
7. Murray in die "army".
8. Meisieshoër wat iets wen.
9. Godzilla sonder tande.
10. 'n Goeie sokkie by die Meisieskool.
11. Mnr Du Plessis wat jou betyds laat loop.
12. Mnr Prinsloo sonder 'n middelpaadjie.
13. Mnr Greyling sonder sy kam.
14. Mnr Kruger met "stove pipes".
15. Mnr Fris Chris met anoreksia.

# AHS se koor op wenpad!

**Van die begin van die jaar af, het mnr Du Plessis en mej Naudé alles ingespan om vanjaar 'n groot sukses van die koor te maak.**

Gedurende die naweek van 20-22 Januarie het hulle afgeskop met 'n kamp naby Roodeplaatdam, waar ongeveer twintig seuns die weer, die koue, seerkele en dié onderwysers getrotseer het. Week na week het hierdie bittereinders geoefen, maar die vrugte was soet!

Na 'n optrede tydens 'n saalopening is begin om af te werk, en ook met resultate. Die koor het by die Pretoriase Musiekfees opgetree waartydens hulle 'n onverbeterlike A++ verwerf het.

Almal sien uit na dié res van die jaar waar die koor aan die Dramukweek in September gaan deelneem, kompetisies soos die Afrikaanse Kunswedstryd en die Eisteddfod, en dan die grand finale by Boys High die laaste aand van die derde kwartaal.

Die redaksie wens die koor en die afrigters sterkte vir die jaar toe.

## *Affiepresteerders:*

*Ons eerste tennisspan het gewys wat in hulle steek toe hulle Waterkloof verslaan het in die Noord-Transvaalse eindrondte van die Hyperama tennistoernooi. Baie geluk aan Minette, Raleen, Helanie en Reneé. Ons is trots op julle.*

*Baie geluk aan Ioné Pretorius en Jolize van Schalkwyk met hul verkiesing tot die Junior Stadsraad. Mag julle ook daár Affies se naam hoog hou.*

*Riana en Stephanie van Vuuren is gekies vir Noord-Transvaal netbal. Baie geluk. Julle is twee staatmakers.*

*Geluk aan Rentia Muller en Linda Bester met hul verkiesing tot die Noord-Transvaal B-span vir hokkie. Ons is trots op julle!*



*Reneé Oberholzer en Phillippa Barnard.*

# KULTUUR O KULTUUR!


**Die gedagte het onlangs ontstaan dat die Affies meer gekultiveerd moet raak. En nou, so het iemand besluit, moet daar elke Vrydag 'n seun in die saal optree — Voorwaar 'n goeie idee!**

**Affies se koor was eerste op die lys en het elke Affie oor met hul suiwer klank bekoor. Cornel Wasserman en Jaco du Toit het die week daarop met hul duet, of "medley" soos hulle dit noem, opgetree en elke Affie was beïndruk met hierdie wonderlike gawe wat hulle ontvang het. Ook het Jaco de Witt met sy hobo opgetree.**

**Geskiedenis is ook gemaak toe Meisies Hoër se stryk Enssembly die saalopening geopen het, ook vir 'n groot oplewing gesorg. Baie dankie dat hierdie mooi instelling ook in Affies inslag gevind het.**

**v'**

**G. Garner en A Beukes**



*Jaco du Toit en Cornel Wasserman tokkel die klawers.*

# Musiekrubriek

**Maak net Mozart musiek?**
**Baie jong mense sug moedeloos as hulle die woord musiek hoor. Die name van Bach, Beethoven, Mozart en Haydn kom in hul gedagtes op en 'n algemene indruk van musiek word verkry — vervelig, outyds en oninteressant.**

Dis egter glad nie waar nie, want wat hulle vergeet, is dat musiek nie net Beethoven en Bach is nie, maar ook George Michael, Aha, die sogenaamde "heavy metal" en "country". Gaan luister bietjie ~~mooi na jou~~ nuutste langspeelplaat. Of dit nou 'n Afrikaanse ligte liedjie of die nuutste popnommertjie is, in meeste herken jy tog 'n kenmerkende ritme, 'n mooi melodie, met 'n interessante begeleiding. Alles net musiek in verskillende tydperke, geskryf deur verskillende mense vir verskillende geleenthede.

'n Komponent wat in ag geneem moet word, is die beskikbaarheid van instrumente. Verbeel jou jy is Beethoven en jy leef in die 18de eeu. Al wat jy tot jou beskikking het, is 'n paar strykintrumente, blasers en hier en daar 'n trom of twee. Dalk wou die einste komponis die vyfde simfonie nie deur 'n klassieke orkes nie, maar met 'n tipiese hedendaagse jazzorkes uitvoer, maar so gevorderd was die tegnologie nog nie. Hy moes sy musiek aanpas by sy tyd en omstandighede.

As jy dus volgende keer na jou pa se gunstelling operamusiek of die kerkorrel Sondag in die kerk luister, moenie sug nie. Dink eers 'n bietjie na, luister daarna as musiek wat in 'n vorige eeu geskryf is en waardeer dit daarom. Gou sal jy agterkom dat dit tog nie so verskriklik is nie en dat jy dalk volgende keer 'n bietjie langer sal luister na Mozart en Kie.

# Affies by die Musiekfees

Vanjaar het Affies weer sy stempel afgedruk tydens die Pretoria Musiekfees wat in Mei en Junie gehou is.

**Vokaalsolo's:**
Hier het veral Etienne van der Nest en Jan-Lodewyk puik presteer en 'n hele aantal A's en A+ ingebring. Ook die kwartet, Etienne van der Nest, Johan Vermeulen, Robert Wilke en Dirk Hoffman, het 'n A+ gekry vir 'n puik vertoning. Jomar Barnard en Anton Beukes het ook onderskeidings ontvang.

**Koor:**
Die koor het as geheel met 'n dubbel A++ weggestap na 'n manjifieke vertoning wat onder andere Suikerbossie en All in the April Evening ingesluit het.

**Klavier:**
Jaco du Toit het as veelsydige Affie 'n B+ in sy moderne klavierverwerking ontvang en saam met Cornel Wasserman 'n A++ vir 'n duet op twee klaviere. Wat 'n puik vertoning.

# Affies stry met woorde

**Op 29 April het twee Affie-debatteerders, Reneé Oberholzer en Phillippa Barnard, aan Rapportryers se debatskompetisie deelgeneem.**

Hulle moes bewys dat Afrikaanse Hoërskoolleerlinge voldoende weerbaar teen drankmisbruik is. Na intensiewe navorsing en harde werk was hulle voorbereid om hulle saak teen Hoërskool Hercules te stel.

Die uur-lange debat het soos blits verbygevlieg en toe het die kort wag (wat soos 'n uur gevoel het) vir die uitslag begin. Die Affies het as wenners uit die stryd getree - nie net in hulle eie debat nie, maar ook as algehele wenners van die uitdunrondte. Hulle moet nou volgende bewys dat die Afrikaanse jeug nie verantwoordelikheid vir Afrikaans aanvaar nie.

**— Phillippa Barnard**

Wat kry jy in 'n houtwerkonderwyser se ore? — Boomgom of harpuis.

Wiskundejuffrou aan Liezel Pieters: Wat is 2 x 5?
Liezel: "The best man for the job is a woman!".

# Truk toneelgeselskap

Die Standerd nege en tien voorgeskrewe boeke vir Afrikaans en Engels word elke jaar deur Truk toneelgeselskap opgevoer. Die eerste Junie was weer so 'n dag.

Die Truk-toneelgeselskap het beslis weer vir baie pret en vermaak gesorg. Van die Caledonner met sy wordende bles, varke, skape en hoenders tot die verleidelike Miranda het almal laat lê van die lag. Werke wat opgevoer is was o.a. "Animal farm", "Kringe in 'n bos", "Die Storm", "Dias" en "Die Caledonner".

So lag-lag het almal, soos Langenhoven sou sê: "die swaarkry, met lekkerkry klaargekry."

**— Rachel Kruger**

Die mensdom word in twee groep verdeel: diegene wat hulle brood in die sweet van hulle aanskyn verdien en die ander groepe wat aan hulle sakdoeke, waaiers en koeldrank verkoop.

## Top 10 flieks/onnies

| | |
|---|---|
| 1. Mnre Deysel en Van Tonder | Twins |
| 2. Mnre Van Rooyen en C Krüger | Dirty Rotten Scoundrel |
| 3. Mnr Die Hoof Kruger | Platoon Leader |
| 4. Mnr Visagie | Missing in Action |
| 5. Mnr Swart | The Fly |
| 6. Mev Steyn | A fish called Wanda |
| 7. Mnr Du Plessis | Rainman |
| 8. Mevv Van Vuuren, Le Roux, mej Botha | Witches of Eastwick |
| 9. Al die onderwysers | Alien Nation |
| 10. .... | .... |

## St. 8's stel jou voor ...

1. Salooms sonder Ockie
2. Mariė met heel kouse
3. Sylna met haar boeke by die skool
4. Lisa betyds in 'n klas
5. Melissa M. met 'n pennesakkie
6. Mornė en Misa sonder hulle 'IMAGES'
7. Eone ... 'n BROMPOT?
8. Dominique met 'n laaanng rok!
9. Cornelia langer as 'n meter
10. Nadia met swart hare
11. Jeanette sonder Alet (of Alet sonder Jeanette)
12. Juanita sonder 'n besering
13. Friedie wat dop
14. Wilna wat stilbly in Geskiedenis
15. Jolize sonder haar stadsraad!
16. Gerra sonder haar AKSENT.

# Kat-Kritiek


**Ek verbeel my. Tog nie ...! 'n Blerts son piets my streep-streep soos ek 'n tamaai Katsprong maak. 'n Nuwe kwartaal — en ek het baiė tyd gehad om kattekwaad te bedink ... .**

Wulps toegewol voor my liewe "lab", vergaap ek my. Waar is die matrieks dan? Dan skrik ek myself katswink! Die bedremmeld-beduiwelde aura wat my tref, laat my besef — matriekdepressie. Net gou my lyf skraal maak!

Eers my stram voorbene uitrek, 'n astrante wikkel agtertoe en ek kan begin opdoilie. 'n Paar ordentlike lekke later, is ek uitgevat op pad na die bokkie. 'n Gans nuwe aanskyn, nė. So met 'n skamele straaltjie son wat op die stroompie skaats, voel ek in my (hoeveel lewens het 'n kat?) sėwende hemel. Totdat die ysige blink-bleek streep dwarsoor my lyf, my in vier spore laat stol. Dis asof iemand my pels verkeerd om streel, so gril ek. Ek begluur die moedswillige kind ombeskaamd-uitdagend. Sy lag net oop mond. Snoet-in-die lug wip ek my stert parmantig, maar sluip liefs katvoet weg.

Langs die saal bondel en verstrengel arms en bene, en ek is net betyds om te sien hoe groot stukke plat brode in gapende monde verdwyn. Die oondvars aroma laat my snor omkrul en ek trippel speels rond, sonder om voorbarig te probeer lyk. Dis egter 'n vasbeslote doelgerigtheid waarmee die laaste brood verkwansel word. Dit beteken net een ding — matriekafskeidfonds (st.9's) versus Pokkel. Wat 'n katastrofe!

Later. Salig gesus deur welverdiende stilte en wede, droom ek. Babsie. Wreed word ek tot die ware, klipperige koue sement geruk deur 'n gekattemaai uit die saal. (Dit maak enige Kat groen van jaloersie). "Don't worry, be hàpppyyyy ..." Ek en Babsie wat eintlik veterane op diė gebied is, word misken. Dit is net stank-vir-dank. Of is ek nou katterig ...?




Hoeveel keer het dr Edwards by die kuipe aangedoen op pad (geskiedenis maak) — Durban toe?
100 keer... 3 keer vir water... 2 keer vir nuwe tekkies... en 95 keer om die pad te vra.


## Matriek sêgoed!

**Sona:** Ek het gister net eėnkeer gebel.
**Pof:** Ek kon nie gister my huiswerk doen nie.
**Marthali:** Dit maak my so kwaad ...
**Lidia:** Kyk net hoe het ek toe gelyk.
**Liezel:** Meantime, back at the ranch.
**Marelize:** Haai, nee julle.
**Mareli:** Ken jy die een van?
**Winke:** Maak oop die vensters.
**Nelia:** Sė net gou weer ...
**Carmen:** Ek het Sondag 7 aartappels geëet — dit is nie my broer se skuld nie.
**Freda:** Ek het besluit wat ek gaan "swot".

---

**Affie se pa:** My seun het vandag sy uitslae gehoor. Hy het weer 'n C.U.M. gekry.
**Ander Affie se pa:** C.U.M. Laude?
**Affie se pa:** Nee, Cum Back.

**Lastige ou:** Wat moet ek jou gee vir net een soentjie?
**Nooientjie:** Narkose.








## As juffrou Geer verlief raak:

Jou houding is so fier en regop soos diė van 'n proefbuis in 'n kolfstaander en in jou rondebolflesogies, swart soos swawelkristalle, straal 'n lig wat my herinner aan magnesium wat in swawelsuur brand.

As jou blik, sterk positief gelaai met liefdeslading op my rus, is ek magteloos soos 'n geïsoleerde noordpool in 'n magnetiese veld.

My ou Broomdampie, my affiniteit vir jou is groter as diė van chloor vir waterstof en aangesien jou liefde direk eweredig is aan myne, dink jy nie ons kan 'n chemiese reaksie vorm nie?
Met liefde
Janneman




Animasie-pret

**Rooikappie:** Mej. Venter
**Die sewe dwergies:** Mev. Bosman (Booysen)
Mej. Bezuidenhout
Mev. Bethune-Williams
Mev. Kotze
Mev. van Straaten
Mev. Bodenstein
**Goue Lokkies:** Mej. Vink
**Slapende Skoonheid:** Mev. Coetzee
**Liewe Heksie:** Mej. Geer
**Tinkerbell:** Mej. Els
**Robin Hood:** Mev. Raath
**Tweety:** Mev. Elmi Kruger
**Maja:** Mev. du Toit
**Flo (Andy Capp):** Mej. Greeff
**Wilde Willemien:** Mev. Kruger (Tik)
**Krabbel:** Mev. Prinsloo (Kuns)
**Bennie Boekwurm:** Mev. van Vuuren

## AS is verbrande hout...

... as besorgheid 'n stroopdruppel was, was mev Müller 'n blik Maple Syrup
... as oulikheid 'n suikerkorrel was, het ons mev Elmi Kruger se seuntjie al lankal opgevreet.
... as dierbaarheid 'n splinter was, was mev Van Zyl 'n boom.
... as humor 'n gletser was, was mev Winter die suidpool.
... as uithouvermoë 'n sent was, was mev Bosman skatryk.
... as aerobiese ofening 'n haar was, was mev Lombard 'n persiese kat.

# 101 Maniere om 'n man te vang — Ragil Kreer

## Hoofstuk 1


Metode een sal indien dit reg benader word die gewenste uitwerking hê. Hierdie metode word die kontaklensmetode genoem, dit beteken nie dat kontaklense 'n vereiste is vir hierdie manvangproses nie, maar wat wel van nut sal wees, is goeie toneelspel. Dit werk as volg: Sorg dat die regte persoon in die nabyheid is (binne hoor- en sigafstand). Begin dan naarstiglik op die grond rondsoek en kruip. In meeste gevalle sal die betrokke party van die teenoorgestelde geslag vra wat jy soek, kyk dan diep in sy oë en glimlag op jou tragieste terwyl jy hom vertel van jou "verlore kontaklense". So kan 'n nuwe "kameraadskap" tussen julle twee ontstaan. **Waarskuwing:** Brekers vermy meisies met kontaklense.

Die tweede metode is heelwaarksynlik beperk tot meisies met goeie (baie goeie) selfbeelde. Die metode is eenvoudig, maar verskriklik gevaarlik! Volgens metode twee word die pootjie-tegniek gebruik. Kies jou slagoffer noukeurig uit asook die omgewing. Vermy klipperige, harde sementgebiede, gebruik verkieslik 'n grasperk of matbedekking. Sodra die slagoffer verby loop, pootjie hom net eenvoudig en glimlag nonchalant as hy jou verbaas aangluur. Begin die gesprek (wat vanselfsprekend sal volg) deur te sê: "Ek wou jou al lankal ontmoet het". Daarna sal die houding van die slagoffer 'n drastiese wending inneem — hetsy positief of negatief. Hierdie metode is nie altyd suksesvol nie, veral in die geval van die "gesneuwelde held".

Vir die meer romantiese meisies onder ons is metode drie hoogs aanbeveelbaar. Baie belangrik hier is dat jy jou plek, tyd en weersomstandighede perfek sal kies.

**Plek:** Enige rustige buurt of boomryke straatjie naby jou held se huis (maak seker dat hy jou sal sien).
**Weersomstandighede:** Jakkels-trou-met-wolf-se-vrou-weer.
**Tyd:** Net wanneer die son in perse en pienke teen die mistige horison sak ...
**Bykomstighede:** Wasige, wit klere en los hare. NB: 'n fiets(!)
**Wyse:** Ry op jou fiets, met die laaste strale van die ondergaande son in jou los Timotei-hare, terwyl jy voel hoe "hy" jou bewonderend agternastaar.
**Resultaat:** Iemand wat jou vir geen geld in die wêreld kan weerstaan nie en wat berge sal versit om jou te ontmoet.
**Wenk:** Sorg dat jy kán fietsry en pasop vir val, dit mag die effek bederf!

Hierdie drie manvangmetodes is beproef deur betroubare proefkonyne. Stel dit gerus op die proef ... Alle Voorspoed!



# Ribbens wou graag 'n volbladfoto gehad het maar ongelukkig was daar te veel berigte — Jammer!

**Wat sê die een slak vir die ander een?**
Moenie so kruip nie, jy gaan nêrens kom nie!

## Affies se onnies by die haarkapper

**Haarkapper:** Hoe moet ek u hare sny, mevrou?
**Mev. Nel:** Af!

**Mej. Venter:** Het u iets vir grys hare?
**Haarkapper:** Net die allergrootste respek, mejuffrou?!

**Haarskapper:** U word grys, mejuffrou.
**Mej. du Plooy:** Ek is nie verbaas nie. Maak gou!

**Haarkapper:** Kan ek u hare sny, mevrou?
**Mev. Kruger (Engels):** Nee!

## *"Rokkies en Sokkies"*

**Hoe die Affies groot word deur na hul rokkies en sokkies te kyk ...**

**St.6**
*Die sokkies word tot net onder die knie opgetrek en die rok hang ook net onder die knie.*

**St.7**
*Die sokkies word omtrent in die skoene ingedruk soos ons dit omrol dat dit byna soos 'n wors lyk. Die rok maak net die nodige toe en "blommetjie-skoene" is "in".*

**St.8**
*Nou word ons groot! En kry ook sommer verstand. Die sokkies word net een keer omgevou soos dit 'n dame betaam. Die rok hang 4 vingers bo die knie soos voorgeskryf. Daar word baie aandag aan akademie gegee en die "cool" fase is nou verby.*

**St.9**
*Hier gaan ons op met die rok. St.7 word herhaal, maar die rok hang nou 'n hele 2cm laer! As jy regting "in" wil wees, druk jy al jou vetrolletjies in jou st.6-rok in.*

**St.10**
*Nou het jy genoeg verstand om te weet waar jou rok moet hang. Akademie en skoolfunksies word eerste gestel. Baie aandag word aan die gewig geskenk. Afsprake is omtrent laaste op die lys.*

## Die teenstrydig Affie

**Karakterontwikkeling:**

**St 6:**
Baie kort (kuif ook)
Baie maer
Bril (twee keer te groot om baie geleerd te lyk).
Tweede trompet: Blaasorkes
Gemiddeld: 90% + (IK ook)
Voedingswyse: Omnivoor (let wel: OMNI)
St 6C Klaskaptein (Nou nie dat dit veel sê nie).

**St 7 en 8:**
geen data op rekord.

**St 9:**
Die metamorfose begin.
Eerste universiteitskursus in elektronika suksesvol voltooi.
Nie weer klaskaptein nie.
Voete en bene rek.
Laaste paar tekkies word finaal te klein.

**St 10:**
Voete, bene en kuif rek.
Wéér klaskaptein, 10C.
Leier van die tugkomitee van die Blaasorkes.
9 vakke — laagste persentasie van 77%
Daaglikse voedselinname vermeerder tot die onmoontlike (1 na 1½ "loaf" per pouse).
Ontdek die skool oorkant die straat (en die Wilgers, Menlopark, Silverton, Waterkloof, ens.)
Breek 1,9 meter in lengte.

Wie is hierdie misterieuse persoon? (die feite is onrusbarend!!)

## die Sterre voorspel....

**Waterdraer (20 Jan - 18 Febr)**
Jy sal binnekort baie geld erf $$ — moenie dit uitgee nie, skenk dit aan ons fondsinsameling!

**Visse (19 Febr - 20 Maart)**
As jy nie "worry" nie — dop jy; as jy "worry" — dop jy ook, so hoekom "worry" jy?

**Stier (21 Apr. - 20 Mei)**
Met die aanvang v. d. Julievakansie sal jy ontdek jou reisplanne vir die oorsese-toer is skoonveld! Moet bekommerd wees nie, die vliegtuig word in elk geval GESKAAK!

**Kreef (21 Junie - 20 Julie)**
Jy sal dalk binnekort tronk toe moet gaan. Moenie bekommerd wees nie — kyk na die blink kant — daar's geen CHELSEA-broodjies / KEPPIES nie!!

**Maagd (22 Aug - 22 Sept)**
Binnekort sal 'n vuupeleton jou doodskiet! Moenie bekommerd wees nie — dis hulle fout!

**Skerpioen (24 Okt. - 22 Nov.)**
As die eindeksamen begin, sal jy vind jou aantekeninge is weg — moenie bekommerd wees nie, jy het nooit aantekeninge afgeneem NIE!

**Steenbok (21 Des - 21 Jan)**
In hierdie maand sal 'n ramp jou tref — eksamenuitslae en rapporte kom uit!

**Ram (21 Mrt - 20 April)**
Jy sal jou handskrif moet verbeter, want die onnies gaan nie "time and again" dit probeer ontsyfer nie. Hulle gaan "all kinds of everything" doen om jou te laat druip!!

**Tweeling (21 Mei - 20 Junie)**
Jy sal binnekort 'n motor wen — moenie die "song of joy" sing nie — dis 'n fout v. d. beoordelaars

**Leeu (21 Julie - 21 Aug)**
Pasop vir te veel alkohol — Vrydagaand! 'n Trein mag jou Saterdagoggend trap!

**Weegskaal (23 Sept - 23 Okt)**
Jy sal S.A. binnekort in die buiteland verteenwoordig — as SKOOLVLUGTELING!

**Boogskutter (23 Nov - 20 Des.)**
Los jou "swottery", jy gaan dop — word eerder 'n loods by die lugmag! Na 3 jaar diens kry jy 'n begrafnis met volle militêre eerbewys!




# Top 20

| | | |
|---|---|---|
| Oubaas | — | 'Bad Medicine' |
| Visagie | — | 'Living on a Prayer' |
| Plastiek | — | 'Ryk na die Sterre' |
| Fris Chris | — | 'I want to be a Cowboy' |
| Krap | — | 'It ain't no Big Thing' |
| Sakkie | — | 'Let's do the Twist' |
| Speed-cop | — | 'Briek dans' (Stop-stop, ek's 'n speed-cop!) |
| Klamp | — | 'I'm the Eagle, your the Wind' |
| Voges | — | 'Living in a Box' |
| Kleinhans | — | 'Bill Piston and The Twisted Camshafts' |
| Potgieter | — | 'Touchy!' |
| Mnr Swart | — | 'Reach out for the Medal' |
| Greyling | — | 'Have you driven a Ford ... Lately!' |
| Bart | — | 'Clap-clap Song' |
| Poerie | — | 'Sugerman' |
| Chuck | — | 'Mike and the Mechanics' |

## Spesiale st 9-toekennings van die Termyn

**Elize:** Fudge-koningin
**Corné:** Ere-spook
**Cornelia de la Rey:** Spraak- en dramagilde
**Anna-Lynne:** Beste senuwees voor Duitse periodes
**Deline:** Carmina Latina
**Nicky Cronje:** Belowendste brildraer
**Linda B:** Hokkiebokkie
**Yvette P:** Sokkiebokkie
**Anneke:** Beste bydrae t.o.v. Biologie bekendstelling
**Amanda Pr:** "Lorna Geer"-Skeinatstipendium
**Suzanne:** Geslaagde "Miss Chelsea" plaasvervanger
**Ingrid:** "Kroniek van Perdepoort"-prys
**Rachel en Susan:** Ere doktorsgrade in klasomruiling
**Christel:** Mej. "Diet-Coke".

# Humor

**Die volgende pryse kan gewen word vir die beste grappe:**
**1. 'n Opblaas veerpyltjiebord**
**2. 'n Onderwater haardroër**
**3. 'n Waterdigte teesakkie**
**4. 'n Sambreel met gate in.**

**Wat is 'n baba? (behalwe 'n st.6)**
Kleinerige mensie met 'n yslike stem aan die bokant en geen sin vir verantwoordelikheid aan die onderkant nie!

## AHS en PBHS
## Eerste span uitslae

| | | | | | | | | | | AHS | BH |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1923 | V | 3 | 4 | 1938 | V | 3 | 11 | 1959 | V | 6 | 11 |
| | V | 3 | 6 | | V | 0 | 6 | 1960 | V | 11 | 14 |
| | W | 9 | 0 | 1939 | W | 8 | 0 | 1961 | V | 15 | 6 |
| 1924 | V | 0 | 3 | 1940 | W | 6 | 5 | 1962 | V | 5 | 8 |
| | V | 3 | 11 | 1941 | G | 6 | 6 | 1963 | W | 6 | 5 |
| | G | 3 | 3 | 1942 | V | 3 | 13 | 1964 | V | 8 | 6 |
| 1925 | V | 6 | 9 | 1943 | V | 0 | 19 | 1965 | V | 8 | 10 |
| | V | 9 | 14 | 1944 | Nie gespeel | | | 1966 | W | 16 | 11 |
| 1926 | V | 0 | 7 | 1945 | V | 5 | 8 | 1967 | V | 12 | 15 |
| 1927 | V | 5 | 6 | 1946 | V | 0 | 3 | 1968 | V | 13 | 14 |
| 1928 | G | 0 | 0 | 1947 | V | 4 | 15 | 1969 | W | 22 | 5 |
| 1929 | V | 0 | 3 | 1948 | W | 11 | 0 | 1970 | W | 33 | 3 |
| 1930 | G | 3 | 3 | 1949 | V | 0 | 6 | 1971 | V | 9 | 11 |
| | V | 4 | 11 | 1950 | V | 3 | 6 | 1972 | W | 10 | 9 |
| 1931 | G | 3 | 3 | | W | 11 | 6 | 1973 | W | 15 | 3 |
| | V | 6 | 7 | 1951 | W | 6 | 0 | 1974 | W | 6 | 0 |
| 1932 | W | 8 | 0 | | W | 11 | 6 | 1975 | W | 23 | 9 |
| | W | 10 | 0 | 1952 | G | 3 | 3 | 1976 | V | 9 | 19 |
| | V | 6 | 9 | | W | 8 | 5 | 1977 | W | 18 | 7 |
| 1933 | G | 0 | 0 | 1953 | W | 9 | 0 | 1978 | W | 36 | 3 |
| 1934 | V | 3 | 11 | | V | 3 | 9 | 1979 | V | 9 | 13 |
| 1935 | V | 9 | 11 | 1954 | W | 8 | 0 | 1980 | W | 16 | 3 |
| 1936 | W | 15 | 3 | 1955 | W | 12 | 3 | 1981 | W | 16 | 6 |
| | V | 0 | 3 | 1956 | V | 6 | 10 | 1982 | V | 10 | 17 |
| 1937 | W | 11 | 0 | 1957 | Nie gespeel | | | 1983 | W | 12 | 6 |
| | W | 11 | 3 | 1958 | W | 6 | 3 | 1984 | W | 22 | 6 |
| | | | | | | | | 1985 | V | 9 | 12 |
| | | | | | | | | 1986 | W | 19 | 12 |
| | | | | | | | | 1987 | W | 13 | 10 |
| | | | | | | | | 1988 | W | 13 | 3 |
| | | | | | | | | 1989 | W | 16 | 15 |

AHS: Gewen 37
Verloor 37
Gelykop 7



Ons krieketwenners



Bloed op die toks!



Blink is die tennissterre

# Affie sport(s)
















Ons verbintenis tot Staatmakerdiens beteken dat u dié soort diens kry wat regtig vir u saak maak.

By Volkskas is ons almal verbind om ons uiterste bes vir u te lewer. Ons noem dit Staatmakerdiens – dit wat u eintlik van u bank verwag. Staatmakerdiens maak Volkskas anders as enige ander bank.

U kan staatmaak op Volkskas – u eie bank!

VOLKSKAS BANK

vir Staatmakerdiens

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg No 78/03306/06


McCANN 206538/4

# Sportvrou van die Kwartaal

## LORINDA BUNING

— Carolien de Bruyn

**Lorinda Buning is 'n puik atleet en uitstekende hokkiespeelster, maar steeds bly sy beskeie oor al haar talente. Ek het met haar gaan gesels om meer te wete te kom van die mens agter die hokkiespeelster en die atleet**



Ek is op 27 Oktober 1971 in Pretoria gebore. Later het ons Springbokvlakte toe getrek en ons het daar gebly tot in my standerd een-jaar. Daarna het ons Hoëveld toe getrek waar ek my laerskoolloopbaan voltooi het aan Laerskool Greylingstad. In st.6 en st.7 was ek in Hoërskool Balfair in die Hoëveld. In st.8 het ek Affies toe gekom.

**Wanneer het jou sportloopbaan begin?**

Ek was nog klein, voor skool. In die laerskool het ek aan die 60m, 80m 100m en 150m deelgeneem. In die hoërskool het ek 100m en 200m gehardloop en ek het in st,6 erekleure vir atletiek gekry. In st.6 het ek ook begin hokkie speel.

**Behalwe dat jy atletiek doen, speel jy ook hokkie. Verkies jy een bo die ander?**

Ek verkies atletiek bo hokkie. Ek was nog altyd 'n atleet en ek is nie so lief vir spansport nie.

**Wie dien vir jou as aansporing en inspirasie op sportgebied?**

Eerstens God, want ek wil met my talente vir Hom dankie sê vir wat Hy my gegee het, my ouers omdat hulle my altyd bystaan en ondersteun. Mnr Loock, my afrigter, toe ek erekleure gekry het, het hy baie vir my beteken. Mev Raath inspireer my, al glo sy sy beinvloed my negatief. My vriende bly ook altyd vir my 'n aansporing.

Is daar enige hoogtepunte en laagtepunte in jou lewe wat jy graag met ons wil deel?

**Hoogtepunt:** Dit was waarlik vir my 'n hoogtepunt toe ek in st.6 erekleure vir atletiek gekry het en ook in st.8 toe ek nuut was in Affies en dadelik vir die eerste hokkiespan gekies is.

**Laagtepunte:** As ek so baie platsak is (sy lag heerlik). Nee, eintlik as ek baie hard werk vir enigiets, en ek bereik dit nie.

**Het jy enige toekomsplanne wat sport betref?**

Ek sal graag in die Noord-Transvaalhokkiespan wil speel en in atletiek sal ek graag eendag springbokkleure wil ontvang.

**En ander planne vir die toekoms?**


Ek gaan by Tukkies studeer in een of ander kunsrigting.

**Wat wil jy graag uit die lewe he?**

Ek wil graag iets besonders vir God doen, vir al my talente wat Hy my gegee het en vir alles wat ek al bereik het.

**Wat is jou boodskap vir die Affies?**

Moet nooit moed opgee nie. Werk altyd hard om jou doelwitte te bereik, sodat jy bo ander kan uitstyg. Leef elke dag asof dit jou laaste dag is. Wees dankbaar teenoor God vir alles wat jy ontvang het.




Die naweek van 5 Mei het die skermklub se uitblinkers: Andries Heese, Jaco du Toit, Johannes Steyn en Riaan Botha aan die Nasionale o/20 Skole kampioenskappe te Pietermaritzburg deelgeneem. Vir 'n skoolklub het hul puik presteer.

Andries Heese behaal 'n tweede plek en Jaco du Toit 'n vierde plek in die Foil-afdeling.

In die Sepee en Sabeafdeling het Riaan Botha se uitstekende taktiek hom verseker van 'n derde plek in albei afdelings. Johannes Steyn het in die Epeé-afdeling 'n sesde plek en in die Saberafdeling 'n agste plek behaal — voorwaar 'n puik prestasie vir 'n beginner.

# Netbal



**Senior netbal by Affies het 'n goeie begin gehad in die seisoen toe 'n gekombineerde eerste en tweedespan aan 'n netbalrondomtalie te Witbank deelgeneem het en ook die rondomtalie gewen het.**

Dit het as groot motivering gedien vir die pragtige spel wat ook gelewer is tydens die April-vakansie se Sport-weni-netbaltoernooi waartydens Affies as die beste span op die toernooi aangewys is en ook drie leerlinge gekies is as beste speelsters vir die week nl. Stephanie en Riana van Vuuren en Renė Greef.

Tydens elke liga en vriendskaplike wedstryd, het elke leerling se spel meer en meer verbeter en was dit ook sigbaar dat aangeleerde tegnieke bemeester is en ook effektief toegepas is.

Riane en Stephanie van Vuuren is gekies vir die Noord-Transvaalse Netbalspan. Affies hou duim vas dat hulle albei gekies sal word vir die finale 17 wat Noord-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Skole-kampioenskappe te Kimberley sal verteenwoordig.

# Fietsry: Martin Schwertfeger

Die Aprilvakansie het Martin Noord-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Provinsiale Fietsrykampioenskappe te Port Elizabeth verteenwoordig.


Uit die 88 het Martin 'n sesde plek behaal — 'n eerste plek vir die N-Tvl-span, en 'n sewende plek behaal — 'n derde plek vir die N-Tvl-span.

# Hyperama tennis


**Affies het vanjaar twee spanne ingeskryf om deel te neem aan die Hyperama-kompetisie. Die eerste span het bestaan uit: J. de Beer, A Louw, H. Dannhauser en Gareth Williams. Die tweede span bestaan uit: N vd Walt, R Bester, J. Kayser, S de Swardt.**

Die eerste span het skoonskip gemaak van al hul wedstryde. Die tweede span het sterk kompetisie gehad, maar met skitterende spel daarin geslaag om Wilgers se eeste span, Boys High se eerste span en Waterkloof se eerste span te klop. Ongelukkig moes hulle in die finale rondte teen Affies se eerste span speel en is hulle segetog gestuit.

Alle sukses word aan die eerste span toegewens met hulle verdere wedstryde teen wenners van ander Provinsies.



# Sportman van die Kwartaal



## Jan-Lodewyk Pretorius

**As veelsydige Christen het Jan-Lodewyk reeds in die laerskool sy stempel as leier, sportman en 'n-vriend-van-almal afgedruk.**

Op laerskool het Jan as kaptein van die o/9 A en o/11 A-rugbyspanne sy skool se naam hoog gehou saam met sy spanmaats deur as N-Tvl-wenners uit te tree. Ook het hy in die eerste span gespeel, máár was ook hoofseun, het koor gesing en talle sertifikate in solosang ontvang.

In die hoërskool het Jan ook weer kop-en-skouers bo die ander uitgestaan, en sy rugbyloopbaan het nie agtergebly nie. St 6-8 is hy as o/13 A, o/14 A, o/15 A-kaptein gekies en het hy die o/15 A-span tot N Tvl wenners aangevoer. St 9 speel hy hom in die eerste span in wat dan ook tot die halfeind van die Direkteurstrofee gevorder het.

Matriek het goed begin toe hy as hoofseun, voorsitter van die koor én die ACSV verkies word. As seun in 'n Affie-tradisieryke familie, het Jan-Lodewyk sy talente op beide die kulturele gebied en op die sportveld gebruik. As talentvolle atleet, tweekampatleet en rugbyspeler het hy weer eens Affies se naam hoog gehou toe hy as kaptein van die eerste span gekies is en tot die kaptein van die N Tvlse A-Skole Rugbyspan.

Die gelukwensinge van die Affies vergesel hom en hul staan met trots agter hom in volle ondersteuning ....

# Ons Dokter

Sedert 1984 is dr Daan de Klerk elke jaar die spandokter van die eerste span en jaarliks kom hy tot menige rugby-speler se redding. Met sy intense belangstelling in die seuns en sy absolute meelewing in die rugby, is hy elke jaar daar om die ouers met geruste harte te laat rugby kyk.

'n Baie bekende gesig by die eerste span wedstryde is as dr Daan op die veld draf as daar 'n besering is, en nie net vir Affie-spelers nie maar ook vir die opponente. Dit weerspieël dr Daan se persoonlikheid, sy goeie hart en sy Christelike lewensbeskouing. Hierdie nederige man — 'n neurochirurg — is die oorsaak dat ernstige beserings baie gou en deur spesialiste behandel is, wat permanente skade verhoed het. Jaarliks betaal hy baie geld uit sy eie sak vir pleisters, vir griepinspuitings en ander medisyne om te sorg dat ons die beste vir ons skool kan lewer.

Aan hierdie man is Affies baie verskuldig en is ons dankbaar om so 'n man in ons midde te hê. Van al die Affies, onderwysers, ouers en spelers: die grootste dank, lof en eer vir sy onbaatsugtige diens.

**Jan-Lodewyk en die rugbyspelers.**

*Dr Daan de Klerk en die ander De Klerk Affies, Charl (agter) en die oud-Affies Theodore, mev Vera (AHMP en óók 'n volbloed Affie-ma), dr Daan en Johan.*



# AHMP se tennis is puik


**In die verlede het AHMP se tennisspelers puik gepresteer. Dit lyk asof die spelers nie net in spanverband nie, maar ook as individue, weer uitstekende prestasies gaan lewer.**

Die eerste bo-is-span, bestaande uit Minette Conbrink, Raleen Theron, Helanie van Deventer en René Greyvenstein, het 'n besige maar opwindende tydjie agter die rug. Sover het hulle baie goed gevaar en nog net teen Waterkloof verloor met een siel. Hulle het ook aan die Hyperama se Skole-Tennistoernooi deelgeneem en op 30 Mei moes hulle in die finaal van die Noord-Transvaalse streek weer teen Waterkloof te staan kom.

Waterkloof was die gunstelinge, maar Affies was gemotiveerd om te wen na hul nederlaag. In 'n wedstryd wat gekenmerk was deur spanning en opgewondenheid, het Affies in 'n stadium net twee stelle oorgehad warin hulle kon wen. Hulle het met 'n telling van 6-2, 7-5 as verligte oorwinnaars uit die stryd tree. AHMP het Transvaal verlede jaar verteenwoordig in die landswye eindronde en ons hoop dat dit weer vanjaar sal gebeur!

Die eerste span moet nog net teen Menlopark en Die Wilgers in die liga speel. Die tweede-bo-15 span speel ook in die A-liga en kom gevolglik teen ander skole se eerste spanne te staan. Hulle het ook goed gevaar en het nog net twee wedstryde verloor. Die derde en vierde-bo 15 span vaar ook goed, maar die onder-15 spanne beïndruk almal.

Minette en Raleen het AHMP se naam nog verder hoog gehou deurdat hulle vir die Noord-Transvaalse skolespan gekies is. Hulle gaan in Port Elizabeth aan die Suid-Afrikaanse Skole Kampioenskappe deelneem en dit is weer eens 'n prestasie wat hulle ook verlede jaar behaal het.



**NOORD-TRANSVAAL KLEURE VIR PIETER**

**Wat? Affies 'n rugbyskool? Sê wie?**

Van kleins af was Pieter le Roux 'n sportman van formaat. Van sy laerskooldae af het hy belanggestel in swem, waarin hy sy Wes-Transvaalse kleure verwerf het.

In die hoërskool het sy belangstellings nie van watersport afgewyk nie. Hy het begin onderwaterhokkie speel, waarin hy verlede jaar sy Springbokkleure gekry het, en hy doen ook savaduik.

Hierdie jaar het Pieter weer Noord-Transvaalkleure vir onderwaterhokkie gekry, asook sy tweede ster in savaduik.

STROOM-OP wil graag van dié geleentheid gebruik maak om Pieter namens al die Affies geluk te wens met sy onverbeterlike prestasies — hy is ook nog 'n skaakkoning met Noord-Transvaalse kleure ... én ...

'Tipografies voorberei deur Wentzel Coetzer Drukkers, Tel 3232787 en gedruk deur The Pretoria News (Pty) Ltd, Vermeulenstraat 216, Pretoria. Tel 3255382.